deur LIZE MARITZ

Die *Husse* se ma

Hierdie besonderse vrou is 'n 'inspireringspreker', die Husse se kampvegter, digter, skilder, buikdanser ... en sy is blind

Toe ek voor Janetta Kannenberg se meenthuis stop, is sy besig om haar blomme in haar netjiese tuin nat te spuit. Sy stap eers om die kraan toe te draai en kom dan flink aangestap hek toe. Sy verwelkom my met 'n drukkie en laat my vooruit stap huis toe.

In haar keurige sitkamer gaan sit ons gemaklik en sy bied iets te drinke aan. Ek bied aan om te help, maar sien gou dat dit nie nodig is nie. Al is Janetta blind, laat sy haar nie daardeur stuit nie.

Sy is immers die regmatige skepper van Husse. Ja, dieselfde "Husse met lang ore" waarvan ons as kinders gehoor het as ons nuuskierig een en ander by ons ouers wou uitvis.

Janetta het die Husse weer lewendig gemaak met haar pragtige reeks digbundels getiteld: *Husse met lang gedagtes*. Sedert sy haar eerste digbundel in 1995 gepubliseer het, het die bundels se gewildheid gegroei en so ook mense se nuuskierigheid oor hoe die Husse nou eintlik lyk. Dit het die kreatiewe Janetta geïnspireer om rêrige Husse te skep. 'n Groepie mense het vir haar Husse gebrei, elkeen uniek en elkeen met 'n ander karakter.

Kom ons begin egter by die begin en kyk waar kom die Husse se "ma" vandaan.

Janetta is reeds as kind met retinitis pigmentosa (RP) gediagnoseer, wat haar met sowat 1% sig gelaat het. As kind het sy gedink dit is maar hoe dit moet wees.

Sy vertel met 'n glimlag as haar pa haar byvoorbeeld garage toe gestuur het om vir hom iets te gaan haal, het sy altyd raas gekry omdat sy dit nie kon kry nie en is sy daarvan beskuldig dat sy nie gesoek het nie. Eers toe sy in graad 3 was, het hulle agtergekom sy sukkel om te sien. Sy sien net lig en donker en kan figure uitmaak as 'n donker kol teenoor 'n ligter agtergrond. Sy kan soms baie helder kleure soos 'n lemmetjiegroen of heldergeel uitken.

Sy is die oudste van vier kinders. Haar twee sussies kan ook nie sien nie, maar hul broer wel. Albei haar ouers is siende, maar dra wel die geen wat die oogtoestand kan veroorsaak.

Sy sê op skool het die kinders haar gespot en sy onthou dat sy een keer vir 'n blinde man voor 'n gebou 'n geldjie gegee het. "Ek het gedink: 'Is dit waar ek ook eendag gaan wees as ek groot is?' Dit het my aangespoor om voluit deel van die lewe te word. Ek sou nie gaan lê en myself jammer kry nie. Ek het dus as kind reeds besluit dat blindheid nie in my pad sal staan nie."

Janetta se man is oorlede. "Ek het twee pragtige volwasse seuns wat albei siende is." Sy beskou hulle as haar pilare. "Met hulle

Foto's: Marlize Naudé

langs my het ek altyd so sterk gevoel," vertel sy trots.

'n Vol lewe

Janetta leef haarself inderdaad uit. Sy dig byvoorbeeld al langer as 40 j onder die naam Saphira.

Die feit dat sy nie kan sien nie, maak dit soveel meer merkwaardig. Sy dra van haar gedigte (sommige wat sy jare gelede geskryf het) voor. Dis verstommend hoe sy dinge beskryf wat sy nog nooit duidelik kon sien nie.

Op 'n vraag oor hoe sy dit regkry, beskryf sy dit "as 'n gedeelte van 'n sekonde wat die wêreld stilstaan en ek iets met 'n helderheid sien ... en nie met my oë nie. Dit neem my soms jare om dit wat ek gesien het te beskryf," en noem dat dit met ander digters ook gebeur.

In een van haar digbundels wat gepubliseer is, verduidelik sy waaroor elke gedig gaan en wat haar bedoeling met die gedig was. Dit is 'n eerste in die mark. "Mense wag mos gewoonlik tot 'n digter dood is en dan probeer hulle raai wat hy met 'n sekere gedig bedoel het!" sê sy laggend. "Ek het hulle die moeite gespaar! Dit maak die gedigte net meer lesersvriendelik, veral vir iemand wat nie gedigte bestudeer nie."

Dan verklap sy opgewonde dat haar eerste Engelse digbundel aanstaande jaar verskyn.

Die Husse word gebore

Na aanleiding van die belangstelling in en navrae oor haar Husse-gedigteboekies, is die eerste Husse gebore.

Die Husse is natuurlik getrou aan hul naam, kompleet met lang ore, "natuurlik omdat hulle vreeslik goed kan luister". Haar pa was 'n kleremaker van beroep en sy het die agtergrondkennis gebruik om self die patroon van die Husse te maak en het ook die eerste een gebrei om te voel of dit lyk soos sy dink dit moet lyk.

Janetta het nou 'n paar staatmakers wat die Husse vir haar brei en 'n man, wat ook blind is, wat die draadbrilletjies vir haar maak.

Die woord "Hus" het sy oorsprong in Holland. Dit beteken eintlik troeteldier. Die feit dat die volksmond hulle met lang ore beskryf, het daartoe gelei dat Janetta se Husse nou inderdaad lang ore het.

"Hulle is sag en snoesig, maar wees versigtig dat jy hulle nie met 'n haas verwar nie. Hulle is nie hase nie. Husse het glad nie oë nie, want hulle kyk met hul harte. Ook nie monde nie, so hulle praat nie met geluide nie, maar wel met hul gedagtes. Met hul lang ore luister Husse graag. 'n Hus het wel 'n bril, maar om die waarheid te sê, is dit om te weet watter kant voor is!" vertel Janetta.

"Hulle bly in boeke en pak letters uit om woorde te bou. Die mooi in die lewe maak 'n Hus gelukkig en vrolik, soos blomme, lig en lug, om te speel, mooi musiek en ook eerlikheid en opregtheid.

"Natuurlik is daar ook 'n negatiewe karakter – die Horrie! Niks in die lewe is net altyd reg en mooi nie en hierdie karakter stel die ongeluk, negatiwiteit en lelik voor. Dit maak deel van die lewe uit, maar dit is hoe 'n mens dit hanteer, wat dit weer positief kan laat draai."

Oor die jare het die reeks Hus-karakters gegroei. So is daar byvoorbeeld die Ink-Hus. Hy is swart, omdat hy in die ink geval het toe hy die boeke se woorde moes swart kleur ... Die Husse het ook al hul eie woordeskat: die teenoorgestelde van 'n misdaad is byvoorbeeld 'n husdaad.

Die Husse kom in verskillende kleure en groottes voor en dra trots die "Handgemaak in SA"-etiket. "Ek is baie opgewonde oor die feit dat mense wêreldwyd moet weet in Suid-Afrika is 'n diertjie wat met sy hart kyk."

Janetta het die handelsmerk laat registreer omdat sy die besonderse boodskap wat die Husse verteenwoordig, wou beskerm.

'Inspireringspreker'

Die Husseboodskap is ook die inspirasie van haar praatjies. Janetta beskryf haarself as 'n inspireringspreker. "Ek is nie 'n motiveringspreker nie," sê sy beslis.

'n Belangrike les wat sy die mense met haar praatjies wil leer, is dat hulle soos die Husse met hul harte moet begin kyk, want eers dan sal hulle waarlik die wonder van God kan beleef. "Jy kan eers met jou hart begin kyk as jy alleen op jou knieë is en agterkom jy is eintlik niks en nietig voor God."

Mense nooi haar wyd en syd om met hulle te kom praat en Janetta reis die land vol. Sy sê sy is steeds verbaas dat sy mense inspireer, want sy sê sy deel bloot haarself en haar alledaagse lewe met mense. Sy gesels oor haar gedigte en oor hoe sy die wêreld "sien" en veral hoe sy die Here in haar lewe ervaar en as gevolg daarvan met haar hart kan kyk. "Ek wil graag mense leer om dit ook te doen."

Vroue lê haar ook na aan die hart. "Ek wil graag vroue van alle agtergronde bemagtig en bemoedig om trots op hul vroulikheid te wees. 'n Vrou is so spesiaal en fenomenaal. Sy moet haar sensualiteit en seksualiteit koester en dit ten volle beleef soos God dit bedoel het."

Sy gebruik as voorbeeld Ester wat voor koning Ahasveros gestaan het. Sy was vir hom so mooi dat hy gesê het hy sal vir haar gee net wat sy wil hê en dat sy toe gevra het dat haar volk vrygelaat word!

"Vroue moet besef dat hulle spesiaal is en mag het, maar dat hulle hierdie eienskappe reg moet gebruik!"

Wat nog?

Janetta het met buikdans begin as 'n soort terapie – sy moes iets doen wat haar bang maak om haar te help om deur 'n trauma in haar lewe te werk, vertel sy.

Sy vertel laggend sy het by die huis op verskillende soorte musiek probeer buikdans en die oomblik toe sy boeremusiek opsit, het dit vir haar gevoel of haar lyf sommer self begin beweeg!

Deesdae moedig sy vroue aan om dit ook te doen. "'n Vrou is mooi en mag sensueel voel en boonop is dit goeie oefening!"

Janetta hou nie op om te verstom nie – sy verf ook! Sy spog met 'n skildery wat sy van 'n vlinder geskilder het, al het sy nog nooit 'n vlinder gesien nie!

'n Vriendin het vir haar 'n plastiekvlinder gegee en Janetta het hom as "model" gebruik. Sy verf met haar vingers en kan nie ophou as sy eers begin het nie "anders verloor ek my plek". Sy lag te lekker. Sy sê toe sy klaar is, was sy nie eers seker of die vlinder se vlerke aan sy lyf vas is nie! Sy merk die verfbuisies met braille, sodat sy darem kan kies watter kleur sy wil gebruik.

Dié besonderse vrou is inderdaad 'n inspirasie vir ons as vroue.

'n Gedig deur Saphira

Begrafnisversoek

As ek dood is, wees tog bly
Gaan skryf 'n versie, net vir my
Hou op huil en moenie treur
Want God se wil, het nou gebeur!
Hier Bo kan ek nog lekker praat
Hier's gawe engele in die straat
Ons kuier heeldag heen en weer
en sing en luister, vir ons Heer
Ek wil net weer kom dankie sê
Dat ek in vriendskap kon belê
Ek wens jul almal sterkte toe
en mag die tee en koek, nou lekker proe! VI

Bel Janetta vir besprekings by 012 480 0062 of 083 759 9991. Vir meer inligting, besoek www.husse.co.za